DINAMIES GEMEENTEWEES !!!

Jesus, die groot Dissipelmaker, het Sy dissipels geroep en daarna intensief opgelei, toegerus en uitgestuur, om alleen voort te gaan met die belangrike taak van kerkplanting.

Indien die kerk vandag relevant wil wees, behoort hierdie bybelse beginsels steeds die koers van gemeentes te bepaal.

Hoewel baie gedeeltes beskryf wat gelowiges se taak is, som die volgende twee stellings van Jesus dit goed op:

- **Gebod** – Jy moet die Here jou God met jou hele hart…….. liefhê en jou naaste soos jouself. (Matt 22:37-40)
- **Opdrag** – Gaan na al die nasies en maak hulle my dissiplels, doop hulle….. en leer hulle…….(Matt 28:19-20)

Om effektief te wees moet 'n gemeente dus duidelik weet waarheen hulle oppad is en hoe om lidmate tot dissipelskap te begelei.

Vlg Ef 4 : 11- 12 gee God apostels, ……. herders en leraars ….. om die heiliges **toe te rus** vir hulle **dienswerk** , tot **opbouing van die liggaam** van
Christus.
God roep geestelike leiers dus terug na hulle primêre rol van dissipelmakers.
Gemeentes is by uitstek die plek waar dissipels opgelei word vir dienswerk.
Lidmate moet so toegerus word, dat die **hele gemeente** tot eenheid en volwassenheid kan groei. (Ef 4:12-13) Vlg 1 Kor 12 moet elke lid van die Liggaam sy/haar gawes so aanwend dat God se Naam verheerlik word.

In baie gemeentes is die predikant en kerkraad aktief, maar word lidmate se potensiaal slegs in 'n geringe mate benut. Dit is dus geen wonder dat predikante en leiers aan uitbranding lei nie. Slegs 'n klein deel van die gawepotensiaal word benut en daarom raak die kerngroep oorwerk, moedeloos en gefrustreerd. Gemeentes sonder 'n gefokusde doelwit begin ook koersloos rondhardloop om aktiwiteite aan te bied, sonder om te weet waarheen hulle oppad is.

Indien gemeentes vandag dinamies en gefokus wil wees moet hulle opnuut :

- God se stem hoor en bepaal wat is Sy doel vir hulle (Visie)
- Hulle rol binne die gemeenskap herdefinieer
- Prosesse bepaal om die doelwit te bereik
- Doelwitte herhaaldelik aan lidmate kommunikeer
- Aktiwiteite bybels toets
- Lidmate toerus en oplei
- Lidmate se volle potensiaal en gawes ontgin
- 'n Lidmaat-vriendelike struktuur vir aksies skep
- Deelname van elke lidmaat aanmoedig
- Aanvaar dat lidmate mede vennote is

Lidmate moet egter ook bereid wees om dissipelskap te aanvaar. Lidmaatskap het voorregte maar ook bepaalde verantwoordelikhede:
Lidmate moet opnuut :

- God se stem hoor
- Hulle roeping besef
- Hulle gawes tot beskikking van God stel
- Bereid wees om toerusting te ontvang
- Bereid tot liefdevolle dienswerk wees

Wanneer die gemeente ‘n duidelike doelwit het, kan verskillende modelle of toerustingsprogramme implimenteer word. Die gemeente is egter nou doelwitgedrewe en nie meer programgedrewe nie. Beplanning sal met die oog op doelwitte gedoen word, en hoe om gawes hiervoor te benut.

‘n Duidelike doelwit gee koers, dryfkrag, en energie aan die kerk. Dit sal nie slegs groot gemeentes nie, maar ook kwynende of kleiner wordende gemeentes opnuut energeer. Gemeentes sal dissipels in die gemeenskap uitstuur wat hulle potensiaal en gawes gebruik om God te verheerlik.

‘n Doelgerigte gemeente is gefokus en die beste toegerus om mense in die veranderende wêreld van die 21e eeu te bereik en te bedien !!!

Rimpelreeks vir gemeentes wat hulle behulpsaam kan wees in die keuse vir oa doelwitbeplanning, opleidingsmateriaal, gawebediening en dissipelskap